

REGULASIE VAN ONTSMETTINGSMIDDELS, BESTEM VIR GEBRUIK IN DIE SITRUSBEDRYF

deur

Paul Hardman (CGA), Paul Fourie, Arno Erasmus
en Keith Lesar (CRI)

CRI word gereeld gevra om proewe met nuwe ontsmettingsmiddels en saniteerders te doen, wat sanitasie in die pakhuis moontlik kan verbeter. Soortgelyk, kontak produsente dikwels die CGA kantoor op soek na inligting rakende die toelaatbaarheid en geskiktheid van produkte wat aan hulle vir pakhuis sanitasie bemark word. Hierdie Snykant het ten doel om duidelikheid rondom die regulatoriese raamwerk te verskaf, wanneer die geskiktheid van 'n saniteerder vir 'n spesifieke gebruik in die pakhuis oorweeg word. Dit word nodig geag aangesien sommige saniteerders wat tans op die mark is, tot waarneembare residue en tot die verwerping van vrugte wat op die mark geplaas word, kan lei. 'n Finale afdeling kyk na die huidige status van Kwaternêre Ammonium Komponente (QACs) in die Europese Unie in die lig van onlangse waarnemings van QACs (DDAC en BAC) op vrugte en groente produkte.

Wanneer besluit word of 'n nuwe ontsmettingsmiddel/saniteerder gebruik moet word, is dit hulpsaam om die volgende vrae in gedagte te hou:

- Onder watter Wet is die ontsmettingsmiddel / saniteerder geregistreer?
- Is dit vir die beoogde doel geregistreer?
- Is daar enige toksikologiese besorgdhede wat met die produk geassosieer word?
- Laat die produk 'n residu agter? (bevestig deur 'n onafhanklike bron)?
- Indien 'n residu moontlik is, is daar 'n toleransie (maksimum toelaatbare residuvlak, of MRL) in Suid-Afrika of in die invoerland?
- Is die produk vir die beoogde gebruik geskik? Byvoorbeeld, is dit al getoets om sy risiko vir fitotoksiteit te demonstreer?

Ten einde hierdie vrae te help beantwoord, word 'n wye oorsig oor die sleutel stringe van wetgewing hier verskaf.

Regulasie van ontsmettingsmiddels in Suid-Afrika

'Act No. 5 of 2008: The National Regulator for Compulsory Specifications Act'

Die 'national Regulator for Compulsory Specifications Act (Act 5 of 2008)' is in die Staatskoerant 31216 op 4 Julie 2008 gepromulgeer en het op 1 September 2008 in


werking getree. Die Wet het die Regulatoriese Afdeling van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde (SABS) en al die regulatoriese funksies van die SABS na 'n nuwe statutêre Departement van Handel en Industrie (DTI) verskuif – 'the National Regulator for Compulsory Specifications' (NRCS) (*Bron: www.nrcs.org.za*). In die sitrus-industrie sirkels was die SABS regulasie bekend as Wet 29, wat nou effektief met hierdie Wet 5 van 2008 vervang is.

Alle ontsmettingsmiddels wat in Suid-Afrika bemark word, word aan hierdie verpligte spesifikasie onderwerp. Die doel van hierdie verpligte spesifikasie is om te verseker dat enige produk wat as 'n ontsmettingsmiddel bemark word, die werkverrigting soos op die etiket en ondersteunende publisiteitsmateriaal en datablaai weergegee, behaal of oorskrei. Dit dek net vereistes vir ontsmettingsmiddels wat vir gebruik op lewelose oppervlaktes beoog word. Dit dek nie antiseptiese middels of bakteriostatiese agente nie (*Bron: www.nrcs.org.za*). Lewelose oppervlaktes word gedefinieer as "enige stof anders as mens of dier oppervlaktes" deur 'Public Notice R529' (14 Mei 1999).

Byvoegend tot die vereistes in hierdie spesifikasie, is die vereistes soos gepromulgeer onder die volgende wette, ook van toepassing: 'Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947)', die 'Medicines and Related Substances Act, 1965 (Act No. 101 of 1965)', en die 'Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act No. 54 of 1972)'. Biosiedes vir gebruik in waterbehandeling word uitgesluit. Indien 'n ontsmettingsmiddel aan die vereistes van hierdie verpligte spesifikasie voldoen, kan dit as 'n bakteriesied, fungisied, sporisied of virusied beskou word, maar daar kan nie noodwendig afgelei word dat dit vir 'n spesifieke doel geskik is nie.

Implikasies vir die sitrusbedryf

- Wet 5 van 2008 neem nie noodwendig menslike toksiteit of ekotoksiteit in ag nie en is nie aan streng evaluasie onderworpe nie (soos vir produkte wat onder Wet 36 van 1947 geregistreer is nie).
- Wet 5 van 2008 neem nie noodwendig residu-vlakke na gebruik in ag en of dit Suid-Afrikaanse of invoerlande se MRL sal nakom nie. Tensy pakhuisbestuurders seker is dat hierdie produk nie residue teen vlakke wat problematies is, sal laat nie, moet die produk nie as geskik vir gebruik in pakhuis geag word nie. Die onlangse waarnemings van QACs in die EU is so 'n geval.



- Departement Landou, Bosbou en Visserye se direktoraat Voedselveiligheid en Kwaliteitsbeheer (DAFF:FSQA) het aangedui dat hulle 'n voorkeur het dat ontsmettingsmiddels wat direk met vrugte in kontak kom, onder Wet 36 van 1947, en nie Wet 5 van 2008, geregistreer moet word, weens die residu inagnemings. (Neem kennis dat DAFF:FSQA 'n verskillende direktoraat as Wet 36 is, wat onder 'DAFF: Directorate Agricultural Inputs Control' val).
- Terwyl registrasie van 'n produk onder Wet 5 van 2008 minder duur is en verskaffers toelaat om 'n produk vinniger mark toe te bring, verskaf dit min versekering aan gebruikers, rakende die geskiktheid van daardie produk op uitvoer sitrusvrugte.
- Die vraag rakende kruis-kontaminasie van ontsmettingsmiddel residue vanaf harde oppervlaktes (bv. paklyne) na die vrugte, is 'n onderwerp van aansienlike debat, selfs tans in die Europese Unie. Dit is onduidelik hoe die Kommissie waarnemings van residue (teen lae konsentrasies) sal interpreteer, wat die gevolg is van die instandhou van sanitêre oppervlaktes in die pakhuis.

'Act 36 of 1947: Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act'

Die Registrateur van die 'Fertilizers, Farm Feeds, Agricultural Remedies and Stock Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947)' word binne 'DAFF: Directorate Agricultural Inputs Control' gehuisves. Hierdie direktoraat is gedurende die rekonstruksie van DAFF in 2011 geskep (voorheen is dit onder DAFF:FSQA gehuisves).

Alle landboukundige plaag- of siektebeheer produkte word deur hierdie Wet gereuleer. Saniteerders word egter nie noodwendig onder Wet 36 van 1947 geregistreer indien hul geen aanspraak op die biosidiese eienskappe van die produk maak nie. CGA was onlangs in samespreking met die Registrateur ten einde duidelikheid rakende hierdie kwessie te verkry. Die Registrateur het aangedui dat hy herken dat daar 'n mate van oorvleueling tussen die verskillende stringe van wetgewing was, maar sal, vir nou, slegs intree indien eise oor die produk se landboukundige genesende aksie gemaak word. Met ander woorde, indien aanspraak op die produk se funksies, algisied of bakteriosied effektiwiteit gemaak word met die doel om die kwaliteit van vrugte te verbeter, dan sal dit nodig wees om daardie produkte van die mark te onttrek of daardie produkte sal 'n vol Wet 36 registrasie proses moet ondergaan. Die Registrateur het ook aangedui dat indien die sitrus-industrie sou glo dat

die oorvleueling van Regulasies tot verwarring lei, dit moontlik sal wees om duideliker reëls daar te stel rakende die definisies van ontsmettingsmiddels, maar dit sal onafwendbaar tot 'n vermindering in die aantal produkte, wat in die pakhuis gebruik kan word, lei (beide vir harde oppervlak sanitering en ander gebruike).

Implikasies vir die sitrusbedryf

- Ontsmettingsmiddels wat onder Wet 36 van 1947 geregistreer is, kan in dompelbaddens of stort aanwendingstelsels gebruik word indien dit vir sulke gebruike geregistreer is (dit beteken dit word op die etiket aangedui).
- Wet 36 van 1947 neem die toksikologiese en ekotoksikologiese profiel van die aktiewe bestanddeel in ag en dit word slegs geregistreer indien hierdie profiele aanvaarbaar is.
- Wet 36 van 1947 neem die Suid-Afrikaanse MRL in ag.
 - NB: Addisionele gebruikebeperkings kan vereis word ten einde die invoerlande se MRL na te kom.
- Wet 36 van 1947 se registrasie aansoek is tipies duurder as daardie onder Wet 5 van 2008 weens die addisionele toksikologiese data vereistes. Die geassosieerde voordeel van so 'n registrasie is dat gebruikers met groter versekering voorsien word, rakende die geskiktheid van die produk vir gebruik op uitvoer sitrusvrugte (byvoorbeeld, die risiko vir fitotoksiteit).

'Act No. 54 of 1972: Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972'

Die 'Foodstuffs, Cosmetics and Disinfectants Act, 1972 (Act No. 54 of 1972)' spreek die vervaardiging, verkoop en invoer van voedingstowwe vanuit 'n veilige / publieke gesondheidsoogpunt aan. Dit is relevant hier aangesien MRL vlakke vir residue (landboukundige middels) onder hierdie Wet deur Departement Gesondheid se direktoraat Voedselbeheer gepromulgeer word.

Implikasies vir die sitrusbedryf

- Alle produkte geregistreer onder Wet 36 van 1947 sal aan 'n inspeksie onder Wet 54 van 1972 onderwerp word ten einde die behoefte vir MRL te evalueer en die MRL vir Suid-Afrika daar te stel, indien benodig.
- Volgens die CGA se kennis, het daardie ontsmettingsmiddels wat tans onder Wet 36 van 1947 vir gebruik in die sitrus-industrie geregistreer is, 'n Suid-Afrikaanse MRL wat onder Wet 54 van 1972 vasgestel is.
- Ontsmettingsmiddels wat onder Wet 5 van 2008 geregistreer is, word nie verplig om 'n MRL inspeksie onder Wet 54 van 1972 te



ondergaan nie, maar voorsiening word gemaak dat enige produk wat op voedingsstowwe gebruik word, geen skade mag veroorsaak nie. Hierdie is 'n grys area en kan moontlik deur oorywerige bemerkers van ontsmettingsmiddel misbruik word, want sonder streng inspeksie, laat dit toe vir vrye interpretasie rondom wat as 'n aanvaarbare vlak van risiko vir die verbruiker beskou mag word.

SANS 1853: Ontsmettingsmiddels wat met voedingsstowwe in kontak kom

Sommige ontsmettingsmiddels voldoen aan die standaard van SANS 1853 vir ontsmettingsmiddels wat met voedingsstowwe in kontak kom. Dit is 'n vrywillige standaard wat deur SABS geadministreer word. Dit stel NIE die spesifikasies vir die werksverrigting van die produk as 'n ontsmettingsmiddel (wat onder Wet 5 van 2008 gedek word) nie, hoewel enige aansprake wat oor die werksverrigting gemaak word, onder SANS 1853 waar moet wees. Hierdie standaard fokus op die veiligheid, kwaliteit en konsekwensie van rou materiale en finale produk, tesame met geskikte etikettering van die produk. SANS 1853 neem nie fitotoksiteit, die gevolglike residu, en hul aanvaarbaarheid in ag wanneer daar na Suid-Afrikaanse en invoerlande se MRL gekyk word nie (in hierdie geval is dit soortgelyk aan Wet 5 van 2008).

Implikasies vir die sitrusbedryf

- Hierdie standaard verskaf versekering oor die veiligheid vir gebruikers en moontlike verbruikers van die voedingsstowwe, en kwaliteit van die ontsmettingsmiddelprodukt. Hierdie versekering moet van toepassing wees op spesifieke sitrus gebruike (sien sertifikaat om dit te bevestig).
- Aangesien SANS 1853 nie enige moontlike fitotoksiteit, ekotoksiteit of residu besorgdhede aanspreek nie, word aanbeveel dat addisionele versekering behalwe SANS 1853 nakoming verskaf word ten einde die geskiktheid van die produk vir pakhuis gebruik te bepaal.

Biosied Regulasie in die EU

Biosied Residue

Regulasie EC/396/2005 dek residu toleransies vir beide pestisied en biosied gebruike. Byvoorbeeld, die MRL van 0.01 mg/kg is van toepassing op DDAC en die QAC-familie in die algemeen, ongeag hoe die produk gebruik word. Gevolglik kan vrugte en groente bevattende residu vlakke bó 0.01 mg/kg nie op die mark geplaas word nie. Dit is hierdie residu van biosiedgebruike op vrugte

en groente bó die 0.01 mg/kg toleransie, wat tans kommer in die EU veroorsaak (Cutting Edge 143).

Biosiedgebruik binne die EU

Die gebruik van QACs as 'n plantbeskermingsprodukt (pestisied) op sitrus (en voedselprodukte in die algemeen) in die EU word verbied (m.a.w. dit word nie onder Annex I van EC/1107/2009 gelys nie of van hierdie regulasie vrygestel nie). Dit sal vir alle biosiedes van toepassing wees wat nie onder Annex I of EC/1107/2009 gelys word nie. DDAC word op EU-vlak (EC/540/2011) goedgekeur, maar word streng tot binneshuise gebruike op ornamentele plante beperk.

Direktief 98/8/EC is die sleutel biosied wetgewing en bevat die geskikte lys van biosiedes. Die gebruik van QACs as 'n biosied in die EU word goedgekeur, selfs al is beide QACs en DDAC nog nie amptelik in die EC/98/8 geskikte lys ingesluit nie. Die basis vir dit is Artikel 16, wat die plasing van produkte, bestaande uit stowwe onder amptelike evaluasie, op die mark toelaat. Aansoeke is vir verskeie QAC-produkte en DDAC is ingedien vir gebruik as voedsel en voedingsarea ontsmettingsmiddels.

Gevolgtrekking

Pakhuis bestuurders wat die gebruik van 'n nuwe saniteerder beoog, word aangemoedig om die produk in die lig van die vrae wat hierbo gevra word, te inspekteer, en sy geskiktheid te toets deur gebruik te maak van die inligting oor die drie Suid-Afrikaanse Wette en die Standaard wat hier bespreek is. Tans hang die gebruik van 'n saniteerder vir vrugte wat vir die EU bestem is, grootliks af of daar waarneembare residu is en of daardie residu in lyn is met EU se MRL vereistes.

Indien daar enige verdere onsekerheid rakende die wettigheid of geskiktheid van die produk vir gebruik in sitrus pakhuis is, kontak asseblief CRI (Keith Lesar - keithlesar@cri.co.za) of CGA (Paul Hardman – ph@cga.co.za) vir bevestiging voordat met gebruik van die produk voortgegaan word.